Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2010: Algemene Terugvoer

Die jaar se inskrywings was weereens van hoogstaande gehalte. Die koerante wat jaar na jaar inskryf het ons regtig weereens verras met die verbeterings wat duidelik sigbaar is. Die kompetisie groei elke jaar en dus gee ons die algemene terugvoer deur die paneel van merkers vir 2010. Gebruik die onderstaande terugvoer om in 2011 julle koerant te verbeter.

Dit is baie moeilik om 'n kort nuusbrokkie wat uit niks meer nie as vyf of ses paragrawe bestaan, volgens die kriteria van nuusberig of sportberig te beoordeel. Moet dus nie sommer lukraak sulke brokkies inskryf nie – jy gaan swak punte kry omdat dit nie by die ware berigte kan kers vashou nie.

BAIE BELANGRIK:

- ✓ **Merkstate & Inskryfvorm** moet volledig voltooi word vir volgende jaar se kompetisie. Punte sal afgetrek word indien die vorms nie volledig voltooi is en aangeheg is by die koerant nie.
- ✓ Ons benodig van volgende jaar af ook 'n **digitale weergawe (pdf formaat)** van julle koerant wat saam met die inskrywings op aparte CD gestuur moet word. (Ons wil die koerante op ons website sit)

Beste nuusberig:

Onthou altyd om die vyf W's en die H in jou storie te beantwoord. Wie doen Wat, Waar, Wanneer, Waarom en Hoe. Beantwoord altyd al hierdie vrae (waar moontlik) in jou berig. As jy al hierdie vrae beantwoord, sal jy ook makliker sien wat die hoofnuus in jou storie is (en gewoonlik in die intro moet staan).

Wat is die interessantste? Wat sou die meeste mense wou lees? Begin daarmee. 'n Intro is gewoonlik min of meer 30 woorde lank. Kort en kragtig. Ons het heelwat intro's gesien wat te lank was en wat nie met die hoofnuus begin het nie. Vermy dit liefs om met 'n vraag te begin. Moet ook nie begin met: "Op 5 Oktober..." nie. Wees kreatief. Dit inleiding moet mense in die storie in lok en hulle nuuskierig maak om verder te lees. Daar was heelwat stories wat geen aanhalings bevat het nie en dus baie punte verloor het. Onthou om waar moontlik altyd aanhalings te gebruik – direk en indirek. Praat met leerders, onnies, die skoolhoof (wie ookal betrokke is by 'n storie of geraak word daardeur). Waak daarteen om jou eie opinie te gee.

'n Nuusberig moet objektief wees. Jy gee net feite weer. Moenie skryf: "Dit was beslis die beste matriekafskeid ooit nie." Wie sê so? Elke feit in 'n nuusstorie moet aan iemand toegeskryf word. Skryf dus eerder: Volgens Marinda du Toit was dit die beste matriekafskeid ooit. Of: "Dit was die beste matriekafskeid ooit," het

Marinda du Toit gesê. Moenie net stellings maak nie. Daar moet 'n "bron" vir elke feit in jou berig wees. Direkte aanhalings verleen geloofwaardigheid aan 'n storie. Wees ook versigtig vir lomp en lang sinne. Skryf so kort as moontlik. Mense wil nie lank lees nie. As 'n sin te lank is, verdeel dit eerder in twee aparte sinne. Dieselfde geld vir paragrawe. Bun Booyens sê altyd: 'n mens moet bereid wees om R10 vir elke woord te betaal wat jy skryf.

Weeg elke woord op en besluit of dit nodig is vir jou storie. Gee al die feite/opinies/aanhalings – sny uit wat onnodig is.

Die taalversorging in die meeste stories was baie goed. Waak daarteen om uitroeptekens te gebruik. Dit word bitter selde in nuusberigte gebruik (gewoonlik net in 'n direkte aanhaling waar iemand skree). Engelse woorde, terme, kom gewoonlik in italics. 'n Goeie toets, is om vir iemand anders te vra om jou berig te lees en te kyk of hulle nog vrae het.

Stories moet verkieslik in net een taal geskryf word. Dit is waarskynlik moeilik by dubbelmedium-skole, maar skryf dan eerder een berig in Afrikaans en 'n volgende in Engels. Daar was 'n paar lekker ondersoekende berigte. Doen gerus meer daarvan! Gaan soek nuus. Waaroor wonder julle by die skool? Gaan soek redes vir waarom goed gebeur.

Beste sportberig:

Al die bogenoemde wenke en kommentaar vir nuusberigte geld ook vir sportberigte.

Moenie verslae skryf nie en los die eie kommentaar wat so kwistig gelewer word. Gaan lees in jul dagblaaie – daar sal julle goeie sportberigte sien. Die inleidings by sportberigte het die meeste probleme veroorsaak. Heelwat sportberigte begin met: "Op Vrydag 3 April 2010 het ons skool teen...". Daar was ook heelparty berigte wat begin het met die rit na die bestemming, en dit was warm op die bus, en die wind het gewaai en almal het op die paviljoene gesing.....en dan wil ek nie meer verder lees nie. En die nuus dat daar sewe rekords verbeter is en 14 medaljes gewen is, is eers in die tweede laaste paragraaf geskryf.
Onthou tog die omgekeerde piramide – BEGIN met die nuus.

Hier is 'n voorbeeld van 'n wenberig se inleiding, geskryf deur Tankiso Motsohi van Vox Populi, skoolkoerant van HTS Louis Botha in Bloemfontein:
'2009 has seen our under 19 first XV break records, but none more important than securing the A-league title for the first time in the 111-year existence of the school. Much had been said prior to the kick-off of the season as HTS had lost three friendly's to teams that participate in the under 19 A-league. The season got off to a flying start as HTS made their mark in a three-match winning streak….."

Die leser weet dadelik waaroor dit gaan, die inlei is treffend en dis nie 'n vervelige opstel wat oor die weer of die atmosfeer van die dag gaan nie. Hy het ook navorsing gedoen om die prestasie van die span in perspektief te plaas.

WANNEER 'n wedstryd of sportwedstryd plaasvind, is nie die sterkste nuus nie – moet veral nie in skoolkoerante wat een keer per kwartaal verskyn, so konsentreer op datums nie. Die nuus is waarskynlik dat julle (ver) gewen of verloor het, of dat 'n spesifieke speler goed presteer het, of dat iets interessants tydens 'n wedstryd gebeur het of tydens 'n onderhoud gesê is. Begin met die interessantste nuushoek (angle). Wees kreatief.

Gebruik aanhalings – mense se direkte woorde. Baie mense woon gewoonlik 'n sportwedstryd by of speel self daarin. Praat met die speler wat die wenlopies geslaan het. Wat het die omstanders gedink wat na hul asems gesnak het? As daar verskriklik baie uitslae in 'n storie is, oorweeg dit dalk om dit in 'n kassie (inligtingsblokkie) langs die storie te sit. 'n Sportskrywer MAG kommentaar lewer – maar doen dit objektief en beperk dit tot opmerkings soos ''n Span wat sewe loesings op die lyf geloop het, gaan dit moeilik vind om die res van die seisoen ....." Dit is immers die waarheid – jy kan tog nie 'n span wat alles verloor het, ophemel nie. Moet nie nydige kommentaar lewer nie.

Sportberigte is nog nie op die standaard wat ons graag wil hê nie. Daar is te veel berigte ingeskryf wat bloot die skrywer se kommentaar was, met geen onderhoude gevoer of aanhalings nie. En die kort brokkies wat maar net 'n wedstrydverslag is, is regtig nie goed genoeg om met 'n goeie sportberig mee te ding nie.

Beste kommentaar:

Skole moet onthou dat die volgende alles tel onder kommentaar: hoofartikels (deur die redakteur), rubrieke, resensies en briewe en opiniestukke.

Alles wat geld vir die skryf van goeie nuusberigte, tel hier ook. Al wat anders is, is ons wil graag jou opinie oor iets hoor. Alle feite en taalgebruik moet steeds korrek wees. Moet asseblief nie te lank skryf nie. Niemand wil 'n opstel lees oor jou opinie nie. Hou dit kort en tot die punt. Probeer ook om oor iets te skryf waarin jou gehoor/lesers sal belangstel. Skryf oor kwessies wat die skool en leerders raak. Of resenseer boeke en musiek wat by leerders sal byval vind. Soos met alle ander skryfwerk, moet 'n mens probeer om so interessant as moontlik te skryf en jou lesers te boei. 'n Mens moet skryf omdat dit saak maak – nie net ter wille daarvan om kommentaarstukke in jou koerant te hê nie.

Skoolkoerante het oor goed geskryf wat hul lesers raak en interesseer. Skrywers het moeite gedoen het om verskillende
menings teen mekaar op te weeg, eerder as om net een mening te gee. As jy 'n opiniestuk skryf, moet jou mening sterk na vore kom. Wat het jy gedink van die fliek? Wat is jou opinie oor die nuwe skoolreëls? Dit gebeur dikwels dat hierdie tipe stories te lank geskryf is. Waak ook daarteen om te preek oor iets. Daar is heelwat leerders wat 'n baie lekker skryfstyl het. Dit is indrukwekkend dat sommige leerders oor onderwerpe geskryf het of 'n opinie gehuldig het wat dalk nie gewild is in die
skool nie of wat kritiek mag ontlok (byvoorbeeld: 'n sportdag was swak georganiseer, MXit het 'n slegte invloed op jongmense of matrieks se maniere gaan agteruit). Dit is nie altyd nodig om kritiek uit te spreek of teen die stroom op te wees nie (en dit moet nooit gedoen word net vir die blote feit om anders te wees nie), maar dit wys jy het 'n opinie van jou eie.
Resensies is veral suksesvol as dit handel oor 'n boek/fliek/CD waarin jongmense sal belangstel.

Die standaard van inskrywings in hierdie kategorie was goed vanjaar. Bou gerus voort daarop. Daar is waarskynlik heelwat opinies in julle skool wat graag in die skoolkoerant verwoord wil word.

Beste grafika en spotprent:

Die gehalte van die inskrywings was baie goed. Daar was vanjaar heelwat spotprente in die grafika-afdeling. Ons het dus vanjaar die inskrywings in twee kategorieë verdeel. Daar was fyn humor en skerp kommentaar in van die grafika/spotprente en die tekeninge was baie goed gedoen. Die hoofdoel van grafika is om 'n storie visueel toe te lig. (Hier is nie gewoonlik humor betrokke nie en ons het dus die beoordeling van grafika hiervolgens aangepas). Grafika maak 'n koerant visueel aantreklik en help lesers om stories beter te verstaan deur dit visueel uit te beeld. Of dit gee ekstra inligting. Daar is baie stories wat hulleself leen tot grafika, wees op die uitkyk daarvoor.

Probeer ook om meer kreatief te wees as om 'n *pie chart* te gebruik. Kyk na die grafika wat in die dagblaaie gebruik word vir voorbeelde en inspirasie. Kyk ook in ander koerante vir voorbeelde van spotprente. Spotprente bevat gewoonlik humor en/of kommentaar oor 'n nuuswaardige onderwerp. Die spotprente wat ons ontvang het, was baie goed en het ons genoop om 'n aparte kategorie daarvoor te skep.

Beste nuusfoto en sportfoto:

Die dwarslat is vanjaar weer `n kerf of wat opgeskuif. Die kompetisie was strawwer en in die uitdunrondes het heelwat goeie foto's in die stof gebyt. Digitale kameras is nou die norm en nie meer iets wat net `n paar gelukkiges het nie. Só die speelveld is gelyk en dit kon mens in vanjaar se inskrywings sien. Die "inhoud" van die foto's was beter. Ook die kwaliteit.

Elkeen van ons wil graag by die NSP-prysuitdeling vorentoe stap om as die beste fotograaf bekroon te word. Ongelukkig is daar net een wenner met `n paar troospryse. Nou wil elkeen weet: "Hoe neem ek `n wenfoto?" Kom ek vertel jou hoe doen ons die fotobeoordeling. Net na die kompetisie gesluit het kry ek die houer met inskrywings. Dis soos `n reuse "Lucky Packet". Gaan vra vir die ouer geslag wat dit is, as jy nie weet nie. Een vir een word die koeverte oopgemaak. Nie in `n volgorde nie. Net so deurmekaar soos dit ingepak is. Elke inskryfvorm kry `n nommer en die digitale foto op die CD word op rekenaar gelaai met die ooreenstemmende nommer. Die foto's wat net op papier is (koerant knipesel of kleurafdruk) word geskandeer en genommer. Ek maak seker al die foto's is in die regte lêer (Sport of Nuus).

Natuurlik kyk ek nou al na die foto's en vorm `n idee. Partymaal kies ek vroeg al `n gunsteling, maar verander dan weer soos ek nuwe koeverte oopmaak. Die eintlike beoordeling begin as almal op rekenaar is. Terloops, ek doen geen Photoshop verwerking nie en maak niks ligter of donkerder nie. (Soms brand ek om dit wel te doen. Veral om `n foto nog beter te maak).

Ek kyk na al die digitale foto's met Irfanview sagteware (Gratis). Dit is ook nou wat ek die kommentaar by die foto skryf. Dit beteken dat self die wenfoto kan kritiek kry met ook `n wenk om die foto nog beter te maak.

Na ek dit `n paar keer deur gekyk het, soek ek die top 20 foto's uit. Dan die Top 10; Eindelik die Top 5 waaruit ek dan die wenner kies. In die proses kyk ek na die tegniese kwaliteit van die foto, bv. Beligting, komposisie, beeldskerpte, die hantering van die foto-inhoud. En dan soek ek na daardie spesiale "iets" wat `n foto net beter maak as die ander. Daardie oomblik in tyd wat vasgevang is en die wenfoto uit my rekenaarskerm laat spring! Dis die wenfoto!

Wat is die verskil tussen `n mooi foto en `n wenfoto. `n Wenfoto het daardie iets ekstra wat `n mooi foto nie het nie. Iets wat die foto uitsonderlik maak.

`n Paar wenke as julle volgende jaar inskryf:

- ✓ Maak nou al jou foto's vir volgende jaar se kompetisie op rekenaar bymekaar.
- ✓ Sorg dat die fotonaam op die CD ook op die inskryfvorm voorkom, asook die fotograaf se naam. Bv. Nuus_Johan_de_Koning_Brand_skool.jpg. Skryf die skool en die koerant se naam op die DVD/CD.
- ✓ Moenie die CD met `n "Paper clip" aan die inskryfvorm vasmaak nie. Dit krap die oppervlakte en maak die CD onleesbaar.
- ✓ Skole kan gerus al hulle foto's op een CD skryf. Maak seker die DVD/CD is gelees deur dit op ander rekenaars te toets. Gee vir elke fotograaf `n "folder" vir sy foto's. Hierdie "folder"kan weer in Nuus en Sport opgedeel word.
- ✓ `n Koerantknipsel met die onderskrif saam met die digitale foto gee die beoordelaars `n goeie idee waaroor die foto gaan. Soms help dit.
- ✓ `n Faksinskrywing benadeel die fotograaf. Die kwaliteit is regtig baie swak.
- ✓ Digitale foto se grootte. 1024 pixels (Wydte) X 768 pixels (hoogte) X 200 dpi.

Beste skoolkoerant/tydskrif:

Die standaard vanjaar was besonder hoog, en dit was veral verblydend om soveel nuwe inskrywings te sien.
Eerstens, dit maak nie saak hoe groot jou koerant is en of dit in kleur of swart of wit gedruk word nie. Daar word nie punte hiervoor toegeken nie. Onthou ook om ’n sakeplan in te dien met ’n redaksiesamestelling, staat van inkomstes en uitgawes, ’n aanduiding van julle proses en beplanning en ook ’n aanduideing van hoeveel

uitgawes julle per jaar uitgee. Dit is klaar 10 punte pasella. Nog ’n afdeling waar julle volpunte kan kry, is as julle koerant al die elemente van ’n koerant bevat (sien die merkstaat). Dit is 30 gratis punte! Dan bly inhoud en algemene voorkoms oor.

Daar is egter 'n paar foute wat by selfs van die beste koerante voorkom.

Die hoofopskrif op elke bladsy **MOET** beduidend groter as die ander opskrifte op die bladsy wees. Dit moet duidelik uitstaan, sodat die leser dadelik weet dit is die hoofberig. Net so moet die hooffoto heelwat groter as die ander foto's wees. Onthou ook die plasing van foto's op so 'n wyse dat mense nie uit die blad beweeg nie.

Advertensies word dikwels verkeerd geplaas. Die reël is eenvoudig: Links op bladsye met ewe nommers, regs op blaaie met onewe nommers.

Moenie lettertipes meng nie. Besluit vir opskrifte op een, of hoogstens twee (een vir hoofopskrifte en een vir die res). En hou deurgaans daarby.

Wat inhoud betref, soek ons na ‘n mengsel van stories wat inlig, opvoed en vermaak. Moenie ondersoekende beriggewing afskeep nie. Is daar enigiets waaroor julle wonder in die skool, wat gaan aan in julle gemeenskap? Praat met mense, stel ondersoek in. ‘n Goeie joernalis en ‘n goeie koerant snuffel goeie stories uit. Skryf ook oor aktuele kwessies wat leerders/onderwysers/die skool/gemeenskap raak (bv.Politiek, tegnologie ens.). Sommige van julle doen dit baie goed. Moenie berigte te lank maak nie. Mense raak gou verveeld.

Vir enige verdere navrae, kontak gerus vir:

VOLKSBLAD

Sobeth Jordaan
sjordaan@volksblad.com
Tel: 051 404 7722
Faks: 051 430 6949

DIE BURGER

Ria Smith
ria.smith@media24.com
Tel: 021 406 4364
Faks: 086 270 1358

Beeld

Elize Engelbrecht
eengelb1@beeld.com
Tel: 011 713 9165
Faks: 011 388 1268